CORONAVIRUS
COVID-19

AFRIKAANS

Wat is die Korona virus siekte-19?
Koronavirus siekte 2019 (COVID-19) is ‘n asemhalingsiekte wat van persoon tot persoon kan versprei.
Die virus wat Covid-19 veroorsaak is ‘n nuwe koronavirus wat die eerste keer tydens ‘n ondersoek na ‘n uitbraak in Wuhan, Sjina, geïdentifiseer is.

Kan ek COVID-19 kry ?
Ja. COVID-19 versprei van persoon tot persoon in baie dele van die wereld. Risiko van infeksie van die virus wat COVID-19 veroorsaak is hoër vir mense wat in kontak was met iemand wat COVID-19 het, bywoorbeeld gesondheidswerkers of lede van jou huishouding, wat wel die virus onder lede gehad het.

Individue wat ‘n groter risiko in die gesig staar, is diegene wat in ‘n gebied woonagtig is, of onlangs daar besoek afgelê het, waar die verspreiding van die virus voortgaan. Leer meer oor hierdie plekke by https://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/about/transmission.html#geographic.
Die huidige lys vir plekke wêreldwyd met gevalle van COVID-19 is beskikbaar by die CDC se webwerf https://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/locations-confirmed-cases.html.

Hoe versprei COVID-19?
Die virus wat COVID-19 veroorsaak is moontlik van ‘n diere bron, maar word nou van mens tot mens oorgedra.
Die virus word versprei deur mense wat in noue kontak met mekaar is (binne 6 voet) deur asemhalings druppels wat deur ‘n infekte persoon verspei word wat nies of hoes. Dit kan ook moontlik wees dat ‘n persoon Covid-19 kan kry deur aan ‘n oppervlak te raak, wat met die virus besmet is en dan aan hulle mond, neus, of moontlik oë, raak. Dit is egter nie die hoof manier waarop die virus versprei nie. Leer wat bekend is oor die nuwe koronaviruses by https://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/about/transmission.html.

Wat is die simptome van COVID-19?
Pasiënte met COVID-19 het ‘n matig tot ernstige asemhalingsiekte met simptome van:
- Koors
- Hoes
- Kortasem/sukkel om asem te haal

Wat is die ernstige komplikasies van hierdie virus?
Sommige pasiënte het longontsteking in albei longe, veelvoudige-orgaanversaking en in sommige gevalle kan dit tot die dood lei.

Mense kan help om hulself van asemhalingsiekte te beskerm met voorkomings maatreëls.
- Vermy nabye kontak met mense wat siek is
- Vermy om aan jou oë, neus, en mond met ongewaste hande te raak
- Was jou hande met seep en water vir minstens 20 sekondes
- Gebruik hand reiniger wat minstens 60% alkohol bevat as seep en water nie beskikbaar is nie

As jy siek is, vermy om die asemhalingsiekte na ander te versprei deur die volgende
- Bly by die huis wanneer jy siek is
- Maak met ‘n sneesdoekie toe wanneer jy nies of hoes en gooi dit dan in ‘n vullisdrom
- Maak skoon en ontsmet voorwerpe en oppervlakke wat gereeld aan geraak word

Wat moet ek doen as ek onlangs na n area gereis het met ‘n verspreiding van COVID 19?
As jy gereis het van ‘n gebied, wat geraak word, mag daar beperkinge wees op jou bewegings vir die volgende 2 weke. As jy simptome ontwikkel tydens die tydperk (koors, hoes, moeilike asemhaling) soek mediese hulp.
Bel die kantoor van jou gesondheidsbeamptes voor jy gaan en vertel hulle oor jou reis geskiedenis en simptome.
Hulle sal jou instruksies gee oor hoe om hulp te kry sonder om ander mense aan jou siekte bloot te stel.
Terwyl jy siek is, vermy kontak met mense, moenie uitgaan en stel enige verdere reise uit om die moontlikheid van verspreiding na ander mense te vermy.

Is daar ‘n entstof?
Daar is geen entstof, vir die beskerming teen COVID-19 nie. Die beste manier om te verhoed dat jy dit kry is om voorkomings maatreëls te tref en nabye kontak met mense wie siek is te vermy en jou hande gereeld te was.

Is daar behandeling?
Daar is geen spesifieke behandeling vir Covid-19 nie
Mense met Covid 19 kan mediese hulp kry om te help om simptome te verlig
Vir verdere inligting besoek www.cdc.gov/COVID